



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 276

15 Februarie 2010

TOULEIER

Die selfmoordmanne stig 'n unie



Hallo julle

Die hart klop vandag met 'n galop en voel soms of hy wil stop. Maar nou ja, wat is die lewe sonder dat mens bietjie mag kla so nou en dan, al is dit dan net oor die weer. Oor die weer hier in die Midde-Ooste kan ons nie kla nie, dit het laas week selfs in Jordanië gesneeu!

Dis net die klomp selfmoordmanne hier rond wat aan't kla geraak het. Dis blykbaar blerrie seer, die ontploffing storie, veral as dit nog boonop koud ook is.

Verder het hulle verneem dat weens die hoë aanvraag na selmoordbombers daar nou 'n tekort aan maagde ontstaan het in die hiernamaals. Daar is selfs sprake dat hul kwotas al klaar verminder is. Baie meen dat die Weste groot blaam moet dra vir die skielike afname.

Veral Stortkop, Steve Stofsuijer, Joos en Tiger word by name genoem.

Nou het die klomp besluit om 'n unie te stig: Die Beweging vir Ontploffers en Ekstremistiese Moslems.

Volgens die nuwe voorsitter van B.O.E.M, Mohangranaat Bin Bom, is daar onder hulle wat so ontstoke is oor die verminderde maagdebeloning dat hulle beplan om op 'n stadige staking te gaan en dreig selfs om laat by hulle teikens op te daag.

By volgende week se beplande beraad hoop B.O.E.M. dat hulle almal vingers op die regte knoppies sal laat druk om hierdie kwessie eens en vir altyd op te los en nie buite verhouding op te blaas nie.

Petronella Praat Padlangs

Op 'n minder ernstige noot, een van ons lesers het aangebied om te kyk of sy die leisels bietjie kan oorneem by oorle ou Roelfie.

Ons soek nou net vir haar 'n gepaste naam. Sy sal solank Petronella heet tot en wyle julle met 'n beter voorstel kom.

Petronella gaan padlangs praat. Kyk na haar eerste aanbieding 4 en lewer kommentaar.

Een van my oorle Pagoed se ander mooi seuns het ook intussen begin werk aan sy eie bladsy van dagstukkies op Onsdorp. Hy gaan dit PUTKOS (reg gespel) noem.

Intussen, gaan kyk na sy blog by <http://uitdiewoordvangod.blogspot.com> en oordeel self of jy gereeld sal gaan inloer op PUTKOS.

Nou ja, my storie se pit is uit en al wat oorbly is om die week te maak soos krokodille: Lê laag en kyk wyd.

Hennie Greeff


Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Afrikaanse en Suid-Afrikaanse musiek op die internet by: www.coralcoastradio.net.au elke Donderdag 6 - 8 nm. (Queensland-tyd) met Rochelle uit Bundaberg. Musiek vir oud en jonk. Sluit ook aan op Face Book by Afrikaans Sonder Grense, word deel van die Afrikaanse musiekfamilie in die buiteland!

Allegaartjie



Sal jy toelaat dat hy aan j u rekenaar werk?

Die reine waarheid

Die hoogs gerespekteerde chirurg was een aand besig om voor die TV te ontspan net nadat hy van die hospitaal af tuisgekom het. Net toe hy op die nuus inskakel, lui sy telefoon.

Hy het dit kalm beantwoord, en die bekende stem van 'n kollega gehoor.

"Ons speel poker, en ons het 'n vierde hand nodig," s e die kollega.

"Ek kom dadelik," s e hy saaklik.

Hy was net besig om sy baadjie aan te trek, toe sy vrou vra:

"Is dit ernstig?"

"O ja," antwoord hy skor. "Om die waarheid te s e, daar is reeds drie ander dokters daar!"

Vertel altyd die waarheid

(soort van)

'n Sexy sakevrou is vir 'n paar dae vir 'n belangrike sake-transaksie in die Sanipashotel in die Drakensberge.

Die eerste aand verlei sy die opposisie-maatskappy se direkteur in sy hotelkamer. Die volgende aand verlei sy hul prokureur agter in sy X5 bo-op Sanipas.

Die volgende middag beklink sy die transaksie en vier haar sukses in die hotelkroeg, waar sy 'n jong Natalse boer met sulke wilde wit-blonde krulhare ontmoet.

Hy stel homself voor as Kapok Brits. Die volgende middag bel sy haar man.

"Hoe gaan dit daar in die berge?" vra hy.

"Ag, goed, Liefie!" s e sy,

"Om jou eerlikwaar te s e, hul direkteur het my in die begin so 'n bietjie geskroef, maar ons besit nou sy maatskappy. Die eerste ding wat ek gedoen het, was om hul prokureur in die pad te steek."

"Wonderlik!" antwoord hy.

"Wanneer kom jy huis toe?"

"Eers m re."



"Hoe so?"

"Tien duim kapok gisteraand en vanoggend..."

Iets om te doen as jy verveeld is by die werk:

1. Slaan 'n paar vlie  dood.
2. Laat hulle 'n uur lank in die son droog word.
3. Vat 'n stuk papier en 'n potlood.
4. Gee jou verbeelding vrye teuels.

Hier is twee voorbeelde:



Die egpaar sit en eet, die vrou mors haar vol sop en s e: "Ag nee, nou lyk ek soos 'n vark!" "Ja," s e die man, "en jy is vol sop!"



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com



Ware Suid-Afrikaanse talent

DUBBELE BEROEP

In 'n klein Karoodorpie was die polisieman somer ook die veearts.

Sy foon lui een aand laat, en sy vrou antwoord.

"Het julle sy hulp as polisieman of as veearts nodig?" vra sy aan die ontstelde inbeller.

"Albei," antwoord hy. "Ons kan nie ons hond se kake oopkry nie en hy het 'n inbreker in sy bek."

Snaakse kos

Twee kannibale is besig om 'n hanswors te eet.

Vra die een vir sy maat: "Is dit net ek, of smaak hierdie kos vir jou ook snaaks?"

Yanks is anders

In Amerika het elkeen die reg tot 'n graad, selfs al is dit een in hamburger-tegnologie.

- Clive James

KENNISGEWINGS

In 'n Londense kantoorgebou:

Toilet buite werking. Gebruik asseblief die vloer laer af.

In 'n wasoutomaat:

Outomatiese wasmasjiene. Verwyder asseblief al jou klere as die ligte doodgaan.

Buite 'n tweedehandse winkel:

Ons ruil alles - fietse, wasmasjiene ens. Bring jou vrou vir 'n wonderlike winskopie.

Op die venster van 'n gesondheidswinkel:

Gesluit weens siekte.

ONSKULDIGE BOTTEL

Gammat sit op die sypaadjie en bepeins sy lot. Hy't sy werk verloor, sy vrou het die kinders gevat en hom geskei.

Hy sien 'n kas met bierbottels en loop soontoe.

Hy vat 'n leë bottel, smyt dit teen die muur en skel:

"Djy issie *reason* lat ekkie 'n vrou hettie!"

Hy vat 'n tweede bottel: "Djy issie *reason* lat ekkie kinnars hettie!"

Derde bottel: "Djy issie *reason* lat ekkie 'n job hettie!"

Hy vat die vierde bottel en sien dis nog nie oopgemaak nie en vol bier.

Hy sit die bottel versigtig eenkant neer:

"Staan djy eenkant toe, my broe'. Ek wiet djy wassie *involved* nie..."

GOEIE RAAD

Moenie probeer om onvervangbaar te wees nie. As jy onvervangbaar is, kan jy nie bevordering verwag nie.

Die donkerste uur is net voor dagbreek. As jy beplan om jou buurman se melk en koerant te steel, is dit die tyd om dit te doen!

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





Petronella

PRAAT PADLANGS

Die Kaap is weer Hollands en Pretoria..... is weer Pretoria. Hoe mooi klink dit nie op die oor nie. Het die liewe minister "Lullu Sing vir 'n vale" werklik gedink sy gaan sommer net so 'n paragraaf in die staatskoerant laat druk en die volk gaan geen haan daarna laat kraai nie?

Dankie vir al die manne wat so wakker slaap en hulle huiswerk so mooi gedoen het.

Maar die stryd gaan seker steeds voort. So ons sal in die toekoms net versigtiger moet wees vir die beleid van deurskynendheid wat so mooi toegepas word.

Jan-Jan Joubert, jy verdien vermelding. Tens pyte daarvan dat hy 'n Nobel Prys vir sy bydrae vir die vreedsame oorgang in Duskantland se nuwe demokrasie ontvang het, word daar selde vir oudpresident De Klerk 'n lamsie gebreek. Sy toespraak oor die morele onverdedigbaarheid van ons situasie voor die koms van die gelykheid moes eintlik voorbladnuus gewees het.

Maar met nabetrugting kom daar gewoonlik darem 'n mate van geregtigheid. Sy deursettingsvermoë en sy visie het veel meer bygedra tot die vrede en welvaart wat ons vandag beleef as wat hy voor krediet kry.

Nou die anderdag ontvang ek een van hierdie wydiverspreide e-posse wat verveelde persoonlike assistente van ryk sakemanne sit en versprei gedurende hulle besige dag. Dit laat my toe besef dat ons geen vrees hoef te koester oor die uitsterf van ons pragtige, lewendige taal nie.

As die assistente se blonde oomblike kan sorg vir sulke lekker beskrywende woorde wat sal die taal kenners nie mee vorendag kan kom nie.

Hier's 'n paar voorbeelde. Laat weet ons wat se vertaling jy daarvoor sou kan gee: knaterflater, rimpelkring (dink maar aan Julius), melk-en-koekiedoekie, en 'n kombikraal.

Die media manne van onse President kou darem harde bene met die besige man se bedrywe. En ja, mens kan sekerlik van die bedrywe voor die deur van tradisies en volksgebruike lê.

Maar een ding is seker, nie almal, hetsy in die Ooste of in die Westerse beskawing, verstaan altyd die teenstrydigheid daarvan nie.

Om as Suid-Afrikaner in 'n internasionale geselskap te sit en die sokker werêldbeker toernooi, en die doen en late van die land se eerste leier te moet regverdig, kan 'n taaie tamaletjie word.

Die beste is seker maar om dan te maak soos die oudste vir een van sy studente gesê het toe laasgenoemde 'n arm man se skoene wou weg steek om hom te verneukel in die arm man se leed.

Die ou leemeester seg toe dat die jong man eerder vir die minderbevoorregte 'n munt of twee in sy skoene moet sit en hom dan in die vreugde van die man te verlustig as in sy verleentheid.

Nou ja, kom ons hoop die Pres geniet homself.

In Amerika is daar sprake daarvan om tronke nou te privatiseer. Die "three strikes in a row" beleid wat hulle daar toepas word glo nou baie winsgewend deur sommige regters, wat aandele in die tronke het, toegepas.

Sal dit in Duskantland nie dalk beter werk as dit wat ons nou beleef nie. Ons vermoed dat daar reeds regters in onse land is wat nie noodwendig aandele in tronke besit nie maar wat die sisteem melk.

Ons bespiegel ook dat elke tweede persoon wat in die tronke werk iets onder die tafel deur ontvang.

As ons egter saam met die omkoopgelde net goeie diens ook kan kry sal die dood en wanpraktyke in die tronke dalkies net afneem nie?

Daar is ook niks nuut onder die son nie. Die ou mense was darem maar wys. As 'n ding te goed is om waar te wees dan moet jy weet dis ver van die waarheid af. Joost het hard geleer maar ten minste het hy geleer. Soms wonder ek of mens jammer moet wees vir die wat hulle laat vang deur mense wat bedrywe soos die Tswella kwela spul aan jou wil verkoop. Dan kry jy op die koop toe nog 'n glasië vonkelwyn vir die pyn wat jy moet verduur ook.

Wanneer gaan ons leer. Rykdom kom deur werk en harde werk en tyd, baie tyd.



NUWE BANKDIENS WYS GROOT VERSKILLE UIT

'n Bank het deurry-OTM's geïnstalleer wat kliënte in staat stel om geld te onttrek sonder om hul motors te verlaat. In 'n studie van die gladde werking van die stelsel, is gevind dat MANS en VROUE se prosedures hemelsbreed verskil.

MANLIKE PROSEDURE

1. Hou by die kontantmasjien stil.
2. Draai kar se venster af.
3. Sit kaart in masjien en pons PIN in.
4. Pons bedrag in en trek geld.
5. Vat kaart terug uit masjien.
6. Draai karvenster op.
7. Ry weg.

VROULIKE PROSEDURE

1. Hou by kontantmasjien stil.
2. Ry terug totdat karvenster gelyk met kontantmasjien is.
3. Trek handrem op, draai venster af.
4. Vind handsak, maak hom op die passasiersitplek leeg om kaart te kry.
5. Selfoon lui. Sê vir persoon op die selfoon jy sal terugbel en skakel dit af.
6. Probeer kaart by masjien se gleuf indruk.
7. Maak die kar se deur oop vir makliker toegang tot masjien omdat jy te ver van hom af stilgehou het.
8. Plaas kaart in gleuf.
9. Haal kaart uit en sit hom andersom in.
10. Krap in handsak, vind dagboek waarin die PIN-nommer aangeteken is.
11. Sleutel PIN in.
12. Druk kanselleer en sleutel korrekte PIN in.
13. Pons onttrekkingsbedrag in.
14. Gaan grimering in karspieëltjie na.
15. Vat kontant en kwitansie.
16. Maak handsak weer leeg, vind beursie en sit geld in beursie.
17. Skryf onttrekkingsbedrag in dagboek.
18. Gaan grimering weer na.
19. Ry een meter vorentoe.
20. Ry in trurat terug na masjien.
21. Haal kaart uit gleuf.
22. Maak handsak weer leeg, vind kaarthouer, plaas kaart in kaarthouer.
23. Gee 'n vuil kyk na die geïrriteerde manlike bestuurder in die kar agter jou.
24. Enjin vrek, draai weer die knormoer en ry weg.
25. Bel vriendin op selfoon terug.
26. Ry so vyf, ses kilometer ver.
27. Maak handrem los.

BREINBOELIE

Ek tel slange, mense en akkedisse by die dieretuin. Ek kry 27 koppe en 70 voete. Daar is twee keer soveel akkedisse as mense, hoeveel slange het ek getel? **Antwoord agteraan AGTEROS.**

KINDERLIKE ONSKULD

Naaktheid: Ek en my drie klein seuntjies was eendag op pad winkel toe toe die dame in die afslaankap voor ons ewe skielik opstaan en vir almal waai. Sy het nie 'n draad klere aangehad nie. Terwyl ek nog besig was om oor die skok te probeer kom, hoor ek my 5-jarige van agter af sê: "Mamma, daai tannie het nie haar *safety belt* aangehad nie!"



NIE VIR OORSENSITIEWE LESERS NIE – HOU VERBY



Die lekka Ingelsman

As jou water na dinges stink en jy sien nie een dryf nie, moet jy selfinspeksie doen en seker maak jy is nie dalk self die dinges wat almal se water gatterig laat smaak nie.

Sommer met die intrapslag hou ek niks van die Ingelsman wat my kleindogter hier by ons kom aansleep nie. Vir weke al sien ons uit na haar kuiertjie uit Londen. Ons kon ook nie fout sien dat sy haar Ingelse boyfriendjie saamnooi op 'n onvergeetlike toer saam met Oupa en Ouma deur die Kruger-wildtuin nie.

Uiterlik nie 'n onaangename seun nie, maar toe die bleeksiel sy bek oopmaak en my met "Hello Gramps" groet, is my moer klaar suur. Sulke voorbarige vermetelheid. Met die pap handjie waarmee hy bladskud, skud ek hom amper uit sy oorbel, en hy het reeds een verloor.

Maar opgedres vir die okkasie, hoor. Leerstewels wat amper tot by sy knieë kom, sy khakibroek al die pad ingedruk. Met sy dik belt se gespe sal 'n mens 'n olifant met wee houe kan doodslaan. Wat die man als gelees het oor Suid-Afrika weet ek nie, maar aan die belt is 'n waterbottel, 'n mes wat amper sy stewels raak, 'n *moonbag* met 'n rooi kruis op en een van daai kanariegeel selfone met die baie knoppies.

Die man dra 'n swart T-hemp wat sê rook is verbode en iets van die aardbol wat warm word. Maar ek weet die wildtuin is nie speletjies oor Desember nie. Warm gaan die man beslis warm kry, en rook gaan ek beslis rook, al het Kleinpop my agteraf gewaarsku dat die man so bietjie opgewonde oor tabakgebruik kan raak.

Die man is goed in tale ook. Al drie Afrikaanse woorde by Kleinpop geleer. "Dankie, k-k en lekka." Alles is k-k of lekka. Kleinpop is lekka. Ons paaie is k-k. Die son is k-k. Ouma se koeksisters is lekka. Vreeslik puntenerig oor kos ook, die mannetjie. Eet nie vleis nie, eet nie dit nie, eet nie dat nie, daai moet eers gekook word voor hy sal drink ensovoorts.

Ek kon dit nog vat toe die man iets van "k-k SUV" sê toe hy in die kombi klim, maar toe die man "k-k music" oor my Klipwerf mompel, steek ek summier my pyp op. Sommer so in die ry, soos ek altyd maak. Kleinpop probeer nog verbouereerd keer, maar Oupa leer die man nog bietjie Afrikaans: "F-k jou, in my kombi rook ek, broer."

Die man leer vinnig en maak sy eie Afrikaanse kombinasies: "F-k, this rook is lekka k-k, dankie."

Maar met 'n man wat nie vleis eet nie, gaan dit maar lekka k-k in die wildtuin. Teen dag drie is die man se slaai-blare wat hy in Phalaborwa se Spar gekoop het al heel vrot. Sy dieet bestaan uit Ouma se padkoskoekisters, NikNaks en braai-vleispap sonder sous.

Teen aand vier is hy honger genoeg om sy vegetariese geloof te verloën. Natuurlik nie openlik nie. Vang ek vir Kleinpop uit toe sy ongemerk 'n tjop of drie na die man se tentjie toe smokkel.

Dag vyf ruik ons al vroegoggend vegetariese maagreaksies op vleis. Net mooi in die middel van nêrens en op die dag se hitte kom klop die man op my skouer hier voor in die kombi, so in die ry. "I MUST go!" beduie die man na sy p-phol asof ek nie lankal kon ruik wat hy wil doen nie.

Ek stop maar die kombi naby 'n laagte boompies. Dit is in elkgeval so warm, geen dier sal dit in die omgewing waag nie. "There," beduie ek hom na die boompies.

"No ways!" protesteer die mannetjie toe. Ek beduie vir die mannetjie in my beste Engels dat daar "no ways" is dat hy verder my kombi se binnelug met sy buikwinde gaan ontsier. As hy nie nou sy ding gaan doen nie, gaan hy verder stap.

"Gee vir die man k-kpapier," beveel ek vir Kleinpop.

Die man weet nou al genoeg van Afrikaans om te sê "No, I want nice paper please!"

Soos iemand wat oor duwweltjies stap, benader die Ingelsman sy natuurtoilet. Ná 'n rukkie verdwyn hy agter die boompies. Ons kyk maar almal versigtig in die omgewing om die man darem betyds te waarsku sou daar dalk ongediertes nader sluipe.

Nou een ding van die Wildtuin: As een kar stop, stop almal agter hom om te kyk na watse diere kyk die voorste kar. Veral so op die middaghitte as daar min is om te sien.

Die Ingelsman het skaars gehurk voor die Land Rover agter ons stop. Die gesinnetjie bespied die rigting wat ons kyk. Hulle wil ook sien wat ons sien.

Verkykers word uitgehaal. Nog voertuie stop. Een ou klim uit met 'n groot kamera op 'n driepoot. Nog karre stop. Na vyf minute lyk dit soos die Dakar Rally wat wil afskop. Groepies brawes staan teen die reëls orals buite hul karre en kyk met lang lense. Party klim bo-op hul voertuie se dakke vir 'n beter uitsig. Wild was besonder skaars hierdie jaar.

Nou of daar werklik een was, weet ek nie, miskien was dit 'n oorywerige verbeelding in 'n desperate soeke na diere. Maar toe die ou so ses karre van ons af skree "Leeu, ek sien hom!" weet ek die Ingelsman verstaan meer Afrikaans as wat ons gedink het. Met al die mense wat so staan en kyk na die veld agter hom, kry die kreet nog eerbaarheid ook.

Soos 'n lus foksterriër wat hitte geruik het, peul die man uit sy bostoilet uit en hardloop vir die kombi. Die broek om die enkels laat die man so paar keer pens en pootjies neerslaan, maar sy herstel is elke keer merkwaardig. Sy roete na die eindpaal is een stofbol soos die man beweeg.

By die kombi aangekom, is die man se broek darem min of meer heuphoogte, maar in die veld lê 'n lang mes en 'n kanariegeel selfoon.

Die Ingelsman soek dit klaarblyklik nie terug nie. Die konvooi karre agter ons, ry stadig verby, terwyl die Ingelsman sy broek en asem op die regte plekke kry. Te oordeel aan die hoeters en gesigte het die mense waarde vir geld in die wildtuin gekry.

Ná die vakansie is Kleinpop heel uit haar Ingelsman uit. Dié het sommer vroeg 'n vlug Londen toe gevat. Sy wil hom nie weer sien nie. Miskien was dit die nagedagte aan die ongebruikte toiletpapier.

Miskien was dit die klein, bleek, swaaiende voorgedagte.

VAN DIE MERK AF

Deur Mark Pirisi

Ja, dis erg!
Ek skaam
my dood om
dit oor te
vertel! En
wat doen jy
elke dag vir
'n lewe?



Rekenaarprobleme

Tegnikus: "Watter soort rekenaar het jy?"

Vroulike klant: "'n Wit een."

Tegnikus: "Klik op 'My Computer' links op jou skerm."

Klant: "Jou links of my links?"

Tegnikus: "Goeiedag! Hoe kan ek help?"

Manlike klant: "Hallo. Ek kan nie druk nie."

Tegnikus: "Klik asseblief vir my op 'Start'."

Klant: "Luister, pel, moenie met my staan en tegnies raak nie. My naam is nie Bill Gates nie."

Klant: "Ek het 'n probleem - ek kan nie in rooi druk nie."

Tegnikus: "Het jy 'n kleurdrukker?"

Klant: "Aaaa! Dankie!"

KINDERLIKE ONSKULD

Meer naaktheid: 'n 6-jarige seuntjie het in 'n groot gimnasium verlore geraak. Hy beland toe in die dameskleedkamers. Toe die dames hom sien toe hoor jy net gille en almal gryp na 'n handdoek. Hy kyk hulle verbaas aan en sê: "Wat is fout? Het julle dan nog nooit 'n klein seuntjie gesien nie?"



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Laktose-intoleransie en Gluten-intoleransie

Was kos en resepte nie net maar nog altyd kos en resepte vir eet en maak nie, word ons deesdae gevloek, of is alles slim verkooptechnieke of dra dit enige gewig?

Wel, as jy al gekonfronteer was met kuiermense wat hondsiek van jou lekker kookkuns raak, begin jy weldra vinnig ag slaan op mense met een van hierdie INTOLERANSIES !

Voedsel intoleransie is 'n breë term wat gebruik word vir talle negatiewe simptome wat met voedsel inname gepaard gaan, en sluit alle abnormale reaksies op voedselsoorte in.

Kossoorte wat gewoonlik skuldig is tot die mense se leiding is : eiers, vis, skulpvis, koring en gluten, melk, grondbone en soja.

LAKTOSE intoleransie is juis die toestand wat met melk geassosieer word, wanneer die liggaam niks of min van die ensiem bekend as laktase (melksuiker) vervaardig en dus moeite ondervind om melk produkte verder af te kan breek in glukose en galaktose in die vorm waardeur dit opgeneem moet word. Die onverteerde laktose beland dus in die kolon waar dit irritasie en pyn en ongemak veroorsaak, buikswelling, diarree en winderigheid ook.

Die beste is om 'n suiwelvrye dieet te volg, maar dit is makliker gesê as gedaan, en as jy kuier, wel dan vertel jy dit mos hoeka nie altyd vir jou gasvrou nie! (Vir jul albei se beswil, DOEN dit gerus!)

Om hier 'n lang lys te gee van wat jy nie mag nie, kyk eerder na wat jy mag en beter sal verteer, dit is 'n handige riglyn vir jou en jou gasvrou!

Suiwel vervangers soos sojamelk, rysmelk en tofu
Pittabroodjies, bagels, meringues, donker sjokolade, fillodeeg, ryskoekies, All-Bran, Weetbix, rys, koeskoes, semolina, tortillaskyfies...

Jellie, malvalekkers, karob, mentlekkers, harde suiglekkers en vrugte-sorbet.
Olyfolie, kosjer-margarien, varkvet, mayonnaise

Blatjang, piekels, asyn, mosterdpoer, kruie en speserye, meeste pastasouse met tamatie basis, boeljon blokkies en tamatiesous!
Franse uiesop, helder soppe.

Vars ingemaakte en droë vrugte sonder laktose.

Vars, ingemaakte gedroogde en gevriesde groentes, behalwe geroomde soorte.

Vars, gedroogde of gevriesde vleis, pluimvee, vis, maar frankfurters....NEE!! (Toe kom nou, wees redelik!)

GLUTEN intoleransie is wanneer lyers se ingewandsslymvliessele sensitief raak vir sekere proteïene in sommige graansoorte, soos koring, rog, gort, en hawermout. Gluten 'n proteïen wat in koring voorkom, en dit veroorsaak hierdie lastigheid. Dit veroorsaak soortgelyke en/of dieselfde simptome as by Laktose onverdraagsaamheid.

Die volgende riglyn is vir jul en jul gasvroue!
En hier gaan ek fokus op wat jy NIE mag eet nie!

Alle kos in krummels, geroom, kos met verdikkingsmiddels en dik laaaaaang souse!
Dranke wat mout bevat, roomys of sorbet wat glutenstabiliseerders bevat bv. Ovaltine, Milo ens...

Alle geroomde en gekrummelde groentes.

Enige produk wat van koring, gort, rog of hawermeel gemaak is.
Kommersiële broodmengsels, skons, muffins, semelvlökkies, macaroni, noedels en ander pasta en mout.

Plaasvervangers wat jy mág, is aartappelmeel, mieliemeel, rysmeel, bokwiet, tapioka en wel sojameel!

...aartappelskyfies en "Corn" skyfies ..!

En laastens, los die Bier, ale, rogwhiskey, gekoopte slaaisouse, gedistilleerde wit asyn, sojasous en gekoopte mosterd...



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

COETZEE

ludibotha@gmail.com

EK is op soek na inligting oor Dorothea Elizabeth Coetzee, gebore 16 Mei 1887, oorlede 5 April 1964 in Witrivier. Enige hule oor haar voorvaders en nageslag sal welkom wees.

ERASMUS

manie.mountany@pbmr.co.za

Ek doen navorsing vir 'n publikasie oor hierdie families en beskik oor 'n groot databasis met inligting. As enige iemand kan help vir 'n bydrae of inligting verlang kan julle my kontak.

GOOSEN

ignis@telkomsa.net

Van Cradock in die Oos-Kaap en skoolgegaan in Kirkwood.

HOWELL

nicoh@absa.co.za

Ek stel belang in die familie-geskiedenis van die eerste Howell-broers wat in SA geland het vanaf Wallis.

MULLER

reception@truckcity.co.za

Soek familiestamboom Petrus Daniel Muller gebore 26 April 1910 te 24 Riviere, distrik Porterville.

PIETERSE

billpieterse@vodamail.co.za

Oupa Pieterse: Johannes Lodewyk, Vermoedelik van Sandspruit se wêreld. Later woonagtig in Wakkerstroom.

PRETORIUS

elmarie.dewet@webmail.co.za

My pa was Cornelius Gerhardus Pretorius, Sy pa was Petrus Gerhardus Pretorius. My pa was een van vier broers waarvan nog een leef en ook twee susters. Die jongste suster is Hester Comelia de Beer. Ek sou graag meer wou weet omtrent ons stamregister, ek het my man se stamboom nagegaan en toe op iemand afgekom wat besig was met 'n stamboom waarop ek toe die boek vir my seuns gekoop het.

ROOS

miki4@webmobile.co.za

My ouma was Rachel Jacoba du Plessis, gebore 1900 en haar man was Josias Roos. My ander ouma was Maria Elizabeth, getroud met Jan Taljaard.

SMART

ursulahvz@gmail.com

Soek hulp met die opspoor van familie-inligting van Wilhelmina Martha Smart, geb. 9 Feb 1900 oorl. 28 Sep 1966. Getroud met Gabriel Petrus Rossouw Janse van Rensburg. Enige hulp sal baie waardeer word.

VORSTER

avorster@midmail.co.za

Ek wil graag weet wie was ons voorvaders en presies waar kom die Vorsters vandaan.

TERTE

Op die kerkbasaar van 'n klein dorpie vra 'n koerantfotograaf die predikant :

"Dominee, waar is die terte?"

Heeltemal uit die veld geslaan, hakkell die dominee en sê:

"Nee, broer, hier is 'n paar jong onderwyseressies, maar hulle is ongelukkig almal op vakansie."



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Stout grappies is oukei

Denise Smith, Goodwood:

Hou so aan met al die Kammanuus grappies. Die mense wat so ver weg vanaf Suid Afrika in die verre woon moet nie kla oor "kommin" grappe nie. Die grappe kom meeste van die tyd van hul geweste daar in die vreemde Engelse lande. Ons vertaal dit net so goed.

In Oorsee lande kan dit net so kommin klink, as hulle verstaan wat die mense in Engels vir hulle vertel. My man reken die beste grappies kom van die Engelse Humor. Maar ons huistaal is Afrikaans en respekteer ander tale. Ons voete staan vierkantig vas in Ons land. Wat is dan verkeerd om so nou en dan 'n grappie te geniet stout of nie. Hou net die ergste vloekwoorde uit as jy dit dan wil oorvertel.

Dankie vir Kammanuus!

Laurette Combrinck:

Ek is ongelukkig een van daardie stil "dom" lesers wat my Kammanuus vreeslik baie geniet maar nooit n bydrae maak nie

Ek is net n pensionaris maar nog baie aktief en baie besig maar nie te besig om my nuusbriefie te geniet nie. ASSBLIEF moet tog net nie gedagtes kry om die brief te verminder nie. Ek gaan regtig my bes doen om in die nuwejaar te kyk of daar nie miskien iets interressant genoeg in my lewe gebeur of gebeur het wat ander lesers ook interressant genoeg sal vind om te lees nie.

NEE daar is nie iets wat my verveel nie. Al wat my ongelukkig maak is dat ek nie meer tyd het om by die rekenaar te spandeer nie. Ongelukkig beweeg ek heelwat tussen my kinders en dus het ek nie altyd toegang tot die internet nie wat kommunikasie bietjie bemoelilik.

Groot DANKIE vir die moeite wat julle doen om ons bietjie op hoogte te hou van die 'lewe' rondom ons. Ek bid vir voorspoed vir julle in die nuwejaar en LANK LEWE ONSDORP !!!

Een dag in die winkels

Dennis Fick, Swartland:

Ek het vandag weer gesien hoe my kop ook die 70 + jare voel. Ek en my vrou was in een van Moederstad se winkelsentrums en elkeen wou gaan kyk na wat vir hom/haar interressant is en spreek af om mekaar weer 'n sekere tyd by die ingang van die klerewinkel te kry waar my vrou wou rondkyk.

Ek was seker omtrent 40 min. voor die tyd klaar en besluit om haar te gaan soek. En toe natuurlik soos al so dikwels in die verlede, die groot frustasie - ek kan nie onthou watter klere my vrou aan het nie en moet daarop staatmaak om haar gesig iewers raak te sien tussen al die ander vrouens.

Ek pas later die aanpashokkies op om te sien of sy nie klere aanpas nie. Die vrouens wat klere aanpas kyk my later so agterdogtig aan dat ek maar koers kry na die ingang van die winkel waar ek en vroulied afgespreek het om mekaar te kry.

Daar is toe nog sowat 20 minute oor voor ons mekaar sal kry en ek WAG! Elke minuut vat minstens vyf minute om verby te gaan en ek raak al meer moerig. Skielik staan vrouetjie hier by my met 'n mooi glimlag en se: "Ek is darem presies op tyd ne."

Ek wou ontplof, kyk op my horlosie en besef sy is presies op tyd!!! Sy het net binne haar tyd gou by 'n ander winkel ook 'n draai gaan maak!

Ons het toe rustig 'n melkskommel gaan drink en verder inkopies gedoen.

KINDERLIKE ONSKULD

Eerlikheid: My seuntjie het vanoggend heel onsteld uit die badkamer gehardloop gekom en my vertel dat sy tandeborsel in die toilet beland het.

Ek het die tandeborsel versigtig uitgehaal en in die asblik gaan gooi.

Hy het my aangekyk, badkamer toe gehardloop en my tandeborsel gaan haal: "Dan moet ons seker die een ook weggooi, hy het laas week in die toilet geval."

AGTEROS

Perskemampoer en longdrops

Bid hy maklik eelte op jou stêre uit as hy eers beginne het.
Praat daai man mos mettie Liewe Heer asof hulle twee saam
innie klas innie plaasskool by ou juffrou Louw was.

Deur ANDRÉ DIPPENAAR

So loop staane sukkel oorle Ouma mos oppe dag ommie praaimis aanie brand te kry. Innie gesukkel mors sy vannie brannende spirits op haar kaal hanne. Skrou die dierbare ou mens `n skrou wat amper elke grootuier bokooi oppie werf se melk tussenie speen ennie melkemmer sou kon laat stol!

Soveel so lat ons haar buite innie tuiekamer kan hoor. Goeie driehonderd treë vannie huis af – hol ons spannetjie een wolk stof kombuis toe.

Oupa Hennerik smyt vir praaimis, brandende tafeldoek en skottel vetkoekbeslag in een bol vuur byrie agterdeur uit, wyl ons anner spul vir Ouma tot bedaring spook.

Nalat ons die ou siel mette beker suikerwater byna tot kalmte loop staane versuip en ou Griet die hanne met bokvet en gliserien besmeer het, issit mos wat oompie Doors loop staane lostrek.

“Ou Swaerie”, weetie ou te vertel, “so lat hierie spulletjie my mos laat dink aan daai dag wat oorle oom Koot Venter, die hoofouderling, hier oppe dag kom huisbesoek doen het oppie plaas. Net voorie Paas-nagmaalvieringe”.

“Koot Bidkaptein wassie ou se bynaam. Het daai man mossie geweet vanne `amen` agtere gebed loop staane sittie. Bid hy maklik eelte op jou stêre uit as hy eers beginne het. Praat daai man mos mettie Liewe Heer asof hulle twee saam innie klas innie plaasskool by ou juffrou Louw was. Sommer so half eie mettie Vader, so half op Sy voornaam, geselsie ou met Hom”.

“Ewentwel”, gaan Oompie voort, “nalat hy nou die geestelike bearbeiding klaargemaak het, wassie ou nie te onontvanklik virrie dinge vannie vleesie. Loop staan en oorgrypie Ou hom mos aan oupa Hennerik se perskemampoer en vervreet hy homself aan Ouma se sousboontjies en hotnotskool bredie.”

“Moesie oordadigheid seker met mekaar aan’t stoei geloop geraak het, want hier oppe kol vlie die ou daar op en hol amper met onnerdeur en al innie pad af longdrop se kant toe. Maakie ou sommer so innie spoed al vir broek los en hol skoon onner sy baadjie uit”

“Swaerie, dit wassie vyf minute nie, toe verdwyn daai kleinhuisie mette moerse slag inne wolk stof, sinkplate, pampoene en `n boog stront vannie aardbol af. Loop tel ons `n broeklose Koot Bidkaptein amper 10 treë van die verwoeste plekkie af op.”

“Spuit die plaasmense sommerie Ou mette houspyp af, maar die brand bly klou. Sulke sobbord-grootte blase oppie ou se kaal stêre.”

“Hettie slag vannie ontploffing skoonie esels vannie werf af veld in laat hol en terwyl ons spannetjie die esels bymekaar sukkel, is Ouma oppie foun en lui solankie dokter om hom te waarsku vannie noodgeval wat op pad is.”

“Is daarie `n manier wat ou Bidkaptein innie karretjie kan loop sittie. Staane weenie ou so hanne-viervoet, met sy onbedekte skaamte wind op, die volle twintig myl in dorp toe. Wassie ou amper twee weke innie hospitaal. Soveel so lat hy die Paasnagmaal skoon uitgemis het. Nie lat dit ons veel gepla hettie, want virrie eerste keer in jârre wassie diens nie oordonner met sy twaalf myl lange gesprek mettie Skepper nie.”

Is toe wattie Ou uitie hospitaal kom, wat Oupa-goed loop staan en verneem hoelat die ding gebeur het. Oom Koot het verduidelik lat toe hy nou sy sit mooi loop kry ennie eerste sarsie perskemampoer, bredie en sousboontjie salvo pas afgevuur het, lat hy besluit het hy kan maar net sowel solank `n sigrêttjie rook wyl die oordadigheid homself uitwoed. Laaste ding wat hy onthou, is toe hy sommer die vuurhoutjie hier voor, tussen sy bene deur, innie put af laat val.

“Ou Swaerie, nou moet jy weet, daai dae se vuurhoutjies wassie soos vandag se goed wat jy met moeite brand maakie. Daai vuurhoutjies was sulke harregat menere watte man met moeite loop staane doodblaas het.

En onner in daai put het amper drie geslagte se metaangas bymekaar gekom en oppie vlammetjie loop staane wag. Vesuvius se moer ou Swarie, Vesuvius se moer, sê ek vir jou!"

"En op al hierdie ellende hettie storie nie saam mettie sinkhuisie en pampoene `n stink dood gesterfie. Daai tyd wat Ouma mettie dokter praat en verduidelik wat op pad is, het antie Leen Retief vannie sentrale, Leen Grootskinner wassie ou se bynaam, haar nering as luisterdief gestand gedoen en koerante toe gegaan mettie storie."

Is daai tyd wat Oupa Hennerik innie kombuis inkom en `n vergeelde koerantberig met dubbelsinnige opskrif selfvoldanig voor my oppie tafel kom neerplak solat ek met my eie oë kan sien:

Ouderling deur kleinhuisie in gat beseer

BREINBOELIE

Daar was 6 slange, 7 mense en 14 akkedisse.

VOLGENDE UITGAWE 1 MAART 2010